# Afdeling Geesteswetenskappe en Kuns

## Prof. Catherina Magdelena Joubert



## BIOGRAFIESE PROFIEL

Prof. Marina Joubert is ’n medeprofessor in wetenskapkommunikasie by die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) aan die Universiteit Stellenbosch. Haar navorsing ondersoek wetenskapkommunikasie en openbare betrokkenheid by wetenskap, met die fokus op hoe wetenskaplikes en navorsingsinstansies doeltreffender met uiteenlopende groepe in die samelewing kan kommunikeer. Sy stel spesifiek belang in navorsers se rol in openbare kommunikasie oor hulle werk, asook hoe wetenskaplike navorsing in die media gerapporteer word. Verder ondersoek sy ook sosiale dialoog oor komplekse onderwerpe soos klimaatsverandering en antimikrobiese weerstandigheid. Benewens haar navorsing is prof. Joubert ’n aktiewe wetenskapkommunikasiepraktisyn wat deur skryfwerk, mediaskakeling en opleiding tot openbare diskoers bydra. Sy is adjunkredakteur van die *Journal of Science Communication* (JCOM) en ’n erelewenslid van die *Public Communication of Science and Technology* (PCST)-netwerk. Sy dien ook op die Kommissie vir Natuurwetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

---

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Prof. Marina Joubert se kundigheid in wetenskapkommunikasie en openbare betrokkenheid by wetenskap maak haar ’n uiters geskikte kandidaat vir verkiesing tot die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy beskik ook oor uitgebreide ervaring in akademiese navorsing en die bestuur van nasionale en internasionale projekte. Die besondere waarde wat prof. Joubert tot die Raad kan toevoeg, lê in haar vermoë om die SA Akademie se werksaamhede in die geestes- en natuurwetenskappe met die breër samelewing te verbind. Haar ervaring stel haar in staat om strategies rigting te gee aan die SA Akademie se openbare profiel, kommunikasie en betrokkenheid by uiteenlopende gemeenskappe. Sy het sterk internasionale netwerke, bewese ervaring in kapasiteitsbou en ’n

deeglike begrip van die verhouding tussen navorsing, beleid, die media en die samelewing. Hierdie kundigheid sal die SA Akademie se sigbaarheid, betekenisvolle openbare gesprekvoering en vermoë om wetenskaplike kennis toeganklik en geloofwaardig oor te dra, versterk. Dit sal ook die SA Akademie se strewe ondersteun om Afrikaans as ’n volwaardige wetenskap- en akademiese taal te bevorder.